Oplei van partye se jeug in spervuur

Nasionale diens skend Grondwet – AfriForum

Nasionale diens skend Grondwet – AfriForum

Erika Gibson

Die burgerregte-inisiatief AfriForum wil die departement van verdediging se planne om jeugdiges van politieke jeugorganisasies op te lei in die hooggeregshof in Pretoria stuit.

Mnr. Willie Spies, AfriForum se regsverteenwoordiger, het gesê sy organisasie is bekommerd die beoogde opleiding vir "benoemdes van politieke partye" is strydig met die Grondwet.

Dié organisasies sluit onder meer die ANC-jeugliga en die Jong Kommuniste in.

AfriForum het die departement van verdediging tot gister 17:00 gegee om volledige redes en besonderhede oor die keuring van die jeugdiges te gee voordat hy met regstappe voortgaan.

Art. 199(7)(b) van die Grondwet bepaal dat die weermag en lede van die veiligheidsmagte nie die belange van enige politieke party mag bevorder nie.

Me. Lindiwe Sisulu, minister van verdediging, het in Mei mnr. Julius Malema, leier van die ANC-jeugliga, en sy topbestuur genooi om twee weke se militêre opleiding vandeesmaand mee te maak as deel van haar planne om 'n nuwe nasionale diensstelsel in werking te stel.

Sy het dié oriënteringskursus ook onder die Jong Kommuniste en ander jeuggroeperings bemark. Sy het in haar begrotingstoespraak op 5 Mei gesê die nasionale diens is op werklose jeugdiges gemik sodat hulle daarna met bepaalde vaardighede 'n beter toekoms tegemoet kan gaan.

AfriForum voer aan dat geeneen van die opposisiepartye ondanks 'n versoek uitnodigings gekry het om ook jeugdiges vir die opleiding te benoem nie.

Volgens Spies het mnr. Ndivhuwo Mabaya, Sisulu se woordvoerder, hom eergister verseker dat die opleiding eersdaags by die vloot se opleidingseenheid in Saldanha begin. Verskeie rekrute is glo reeds op pad soontoe. Mabaya het egter gister ontken dat hy met Spies gepraat of so iets gesê het.

Volgens Mabaya sal die opleiding waarskynlik op die vroegste volgende maand begin. Die departement het ook reeds van 'n groot verskeidenheid instellings aansoeke ontvang, waaronder die PAC, Azapo, die departement van landelike ontwikkeling en grondsake, die Katolieke Kerk en die departement van hoër onderwys.

"Dit is nié 'n polities gedrewe inisiatief nie en enige jeugorganisasie is welkom om jongmense te benoem. AfriForum kan maar hof toe gaan as hy wil. Hierdie is die minister se poging om honderde werklose jeugdiges van die strate af te kry en hulle op te lei," het Mabaya gesê.

Volgens hom is die weermag die enigste instelling in die land wat die reserwevermoë om sulke groot groepe op te lei.

Daar word beoog om uiteindelik tot 100 000 jeugdiges per jaar by die nasionale diens te betrek.

Volgens Spies is AfriForum bekommerd dat 'n soortgelyke situasie as in Zimbabwe kan ontstaan, waar Zanu-PF jeugdiges in militêre kampe opgelei het.

Dié jeugdiges het vervolgens geweld en intimidasie in verkiesingstye gepleeg.